

NUUS SKA



VIR DIE NOORD-KAAP

SKA SA HUPSTOOT VIR LEER EN ONTWIKKELING

Vyf skole in en om Carnarvon het nou toegang tot splinternuwe rekenaars en gevorderde onderwystegnologie; en die Bonteheuwel Biblioteek spog met 'n moderne internet-kafee. SKA SA, CISCO, Intel en Siyafunda het skootrekenaars, internetverbinding en opleiding van R2.5 miljoen geskenk. Altesaam 350 skootrekenaars is by die skole in gebruik geneem, asook 36 rekenaars by die biblioteek. Die meegaande sagteware sal onderwysers help en behoort die kinders opnuut oor wetenskap en tegnologie opgewonde te maak.



Dimitri de Waal van Carnarvon Laerskool vertel Minister Derek Hanekom van sy planne om 'n wetenskaplike te word.



“Toe die kinders voor die rekenaars gaan sit, toe lyk dit asof hulle met rekenaars gebore is”, het mnr Bennie Hoorn, hoof van Carnarvon Laerskool opgemerk, maar ook gewaarsku: “As jy nie skoolgaan nie, gaan hierdie geleentheid by jou verbygaan!”

Die sentrum by die Bonteheuwel Biblioteek sal aan die gemeenskap toegang gee tot rekenaars, die internet en digitale tegnologieë. Twee IT-fasiliteerders uit die gemeenskap is opgelei en sal die sentrum bestuur. Mense kan die sentrum gebruik om rekenaarvaardighede aan te leer en aanlynkursusse te doen.



“Die SKA is 'n wêreldwye projek met 'n hartklop in die Karoo. Daar is talent hier wat aangehelp moet word vir die toekoms van hierdie projek,” het Derek Hanekom, Minister van Wetenskap en Tegnologie, by die bekendstelling op 19 November 2013 gesê.



“Dit is 'n sentrum van bemagtiging vir die plaaslike gemeenskap en 'n geleentheid wat mense moet aangryp”, het die Noord-Kaapse direkteur-generaal, Justice Bekebeke, gesê. “Hierdie inisiatiewe sal 'n kern van vernuwing vir die Noord-Kaap skep. Dit duur lank en kos baie geld om oor die groot afstande van die Noord-Kaap heen te reis. Nou is ons deur die tegnologie verbind en bemagtig.”



Sentrumbestuurder Mariaan Andreas het oor die SKA en die gepaardgaande geleentheid gepraat: "Dit is die grootste ding wat nog ooit met my gebeur het. Ek sou nie hier gewees het as dit nie vir die SKA was nie. Hierdie projek motiveer my om my drome te verwesenlik."



Heelwat joernaliste en gemeenskapsleiers was by die amptelike opening van die kennisentrum by die Bonteheuwel biblioteek.

Die Bonteheuwel biblioteek is 'n goeie plek om vir die matriekeksamen te leer, soos Cherwin van Wyk; Monolito Wildskud en Jean-Claude van Wyk hier doen. Met die nuwe rekenaars wat nou beskikbaar is, sal studietyd nog beter word.



Dr Fanaroff het die gemeenskap daaraan herinner dat die SKA SA-projek 'n groot teleskoop moet bou en nie die begroting het om regeringsbeloftes na kom nie. Hy het ook gesê dat die projek wel sal doen wat moontlik is om vaardighede te ontwikkel en vir plaaslike mense geleentheid te gee. "Carnarvon gaan bekend word as die plek waar een van die wêreld se grootste teleskope – die MeerKAT met sy 64 skottels – staan. Ná 2018 sal nog 190 skottels hier gebou word en dan later, gedurende fase 2 van die SKA, nog sowat 2 000 skottels hier en oor die res van Suid-Afrika en Afrika. Dit sal vir ten minste 40–50 jaar baie geleentheid bring vir jongmense van die omgewing wat bereid is om te leer en hard te werk. Ek sou graag wou sien dat van ons beste wetenskaplikes en tegnisi binne die volgende 5–10 jaar van die Karoo af moet kom. Daarom wil ons saam met u werk – sodat die jongmense van Carnarvon en die ander dorpe in die omgewing sterrekundiges en ingenieurs kan word."



LEDE VAN DIE GEMEENSAP PRAAT SAAM

Plaaslike inwoners het by die gemeenskapsimbizo kom luister na die jongste nuus oor die SKA SA-projek en vrae gevra oor die uitwerking wat dit op hulle gaan hê. Elizabeth Laano, Willem Willemsse, Martha Arries en Marius Bock het hulle kommer uitgespreek en gevra oor behuising en werksgeleentheid.



"Ek is die gelukkigste man omdat ek deel is van Kareeberg Munisipaliteit waar die SKA-projek geleë is."

– Raadslid Nico Titus, burgemeester van Kareeberg.



Die imbizo is met 'n prettige rieldans afgesluit.

"Die kinders moet hard werk op skool indien hulle ook 'n skyfie van hierdie SKA-koek wil hê. Sonder geleerdheid gaan ons net baklei. Maar met die nodige vaardighede kan julle deel word van die SKA-projek."

– Pauline Williams, Noord-Kaapse LUR vir Sport, Kuns en Kultuur.



Mense wat nog vrae het, of die SKA SA terrein wil besoek, kan gerus betrokke raak by die Gemeenskapsforum wat deur Pieter Snyman bestuur word. Skakel hom gedurende kantoorure by 053 382 5905/6 of stuur 'n epos aan psnyman@ska.ac.za

KABELS VIR MEERKAT

Agt jongmense van die Carnarvon-omgewing het onlangs die geleentheid gekry om te help met 'n projek om die ondergrondse optiese vesel-kabels vir die MeerKAT-teleskoop te lê. Dr Bernie Fanaroff (direkteur van SKA SA (heel links op die foto) het ook kom kyk hoe hulle vorder. Langs hom op die foto is Benjamin Hoorn; Ronel Strong; Tyrone Adams; Allistaire Viviers; Jonathon Davids; Randall Phike; Charl Julius; en Davidene Julius.

